# 489. WAT ‘N VRIEND IS ONS YAHSHUA

```
      D                   G
1.    Wat ‘n Vriend is ons Yahshua,
        D                   A
      Hy wat in ons plek wil staan;
      D                  G
      wat ‘n voorreg om gedurig
      D         A         D
      deur Hom tot Yahweh te gaan!
      A                   D
      Hoe verbeur ons tog die vrede,
         G        D       A
      ag, hoe dikwels ly ons smart,
      D                   G
      net omdat ons nie ons node
      D     A      D
      uitstort in Sy Vaderhart!

      D                   G
2.    As versoeking en beproewing,
        D                   A
      of as kwelling ons bedreig,
      D                  G
      laat ons nooit mismoedig word nie,
      D         A         D
      laat ons bedes opwaarts styg.
      A                   D
      Nêrens is ‘n vriend getrouer,
         G        D       A
      as Hy wat ons node weet.
      D                   G
      Hy weet alles van ons swakheid
      D     A      D
      en wil deel in al ons leed.

      D                   G
3.    Is ons swak, gedruk deur laste,
        D                   A
      onder kommer neergebuk,
      D                  G
      dierb’re Heiland, onse toevlug,
      D         A         D
      o bevry ons weer van druk!
      A                   D
      As ons vriende ons versaak het,
         G        D       A
      soek ons Yahweh in gebed.
      D                   G
      Aan Sy boesem is ons veilig,
      D     A      D
      Hy vertroos en kan ons red.
```